

MODULE 12

BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

NOTA AAN DIE ONDERWYSER:

Die beginsels van BTW is in Graad 10 behandel en bespreek. Voordat daar met hierdie Module begin word, is dit nodig om leerders se vooraf kennis te bepaal om te verseker dat hulle die basiese vaardighede en kennis het om met die Graad 11 werk te begin.

Daarom is die eerste opdrag 'n grondlynassessering sodat jy kan bepaal of jy met die Graad 11-werk kan aangaan of na die Graad 10-boek moet teruggaan om ontbrekende vaardighede en kennis te hersien.

Let op dat dit nie nodig is dat die leerders die BTW inskrywings in die joernale doen nie en grootboekrekeninge sal eers in Graad 12 behandel word. Graad 10 was die inleiding en hierdie jaar word gekonsentreer op die berekening deur die faktuur- en ontvangsbasis te gebruik.

TAAK 12.1 SAID en BTW: Grondlynassessering

Ons raai julle aan om die leerders in pare in te deel en dat hulle die onderhou doen in 'n rolspel waarin hulle elkeen die antwoorde vir die vrae gee. Laat hulle toe om mekaar te assesseer om hulle vooraf kennis te bepaal.

Maatassesseringsvorm

Elke leerder moet sy/haar maat assesseer, gebaseer op die feit of hulle die verduidelikings verstaan, of nie.

KRITERIA	JA – toon begrip	NEE - gebrek aan kennis
Redes waarom die Suid-Afrikaanse Regering belastings hef.		
Noem en bespreek kortlik ten minste 5 verskillende vorme van belasting wat in Suid-Afrika gehef word.		
Begryp dat BTW gehef word op goedere en dienste in hierdie land.		
Begryp dat BTW op die meeste verkope aangeteken word.		
Begryp dat BTW op die meeste aankope aangeteken word.		
Begryp dat die bedrag verskuldig aan SAID of terug-ontvangaar is, die verskil tussen BTW wat van debiteure ingevorder word (soos verkope) en BTW betaalbaar aan verskaffers vir goedere en dienste aangekoop (terug- geëis) is.		
Kan onderskei tussen standaard, nulkoers en vrygestel items.		
Begryp watter verkoper as 'n BTW-handelaar moet regstreer.		
Begryp dat sommige handelaars vrywillig regstreer vir BTW.		

Nota aan die onderwyser:

Leerders moet hulle eie assessoringsvorm gebruik om die ontbrekende besonderhede in hulle kennis/vaardighede aan te vul – hulle kan terug na hulle Graad 10 boeke verwys word of miskien is dit nodig om sekere aspekte weer te hersien afhangende van die klas se reaksie op die assessoringsstaak.

DIE ALGEMENE BEGINSELS VAN BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE



Voorstel: Fotostateer die volgende voorbeeld van finansiële state en vergroot dit tot A3 en sit dit teen jou klaskamer se muur vas.

BTW BEREKENINGE:

Leerders vind gereeld probleme met berekeninge veral die wat agteruit bereken moet word. Dit is uiters belangrik dat hulle die bedrag vir BTW kan bereken hetsy of dit inklusief (ingesluit) of eksklusief (uitgesluit) is. Die berekening van die BTW uit 'n inklusieve prys is dieselfde as die berekening van die koste van verkope indien die verkoopprys gegee word.

Dit is belangrik om tyd aan die berekeninge te bestee om te verseker dat die leerders die prosedure verstaan sodat daar in Graad 12 op die grootboekrekeninge en die BTW opgawe gekonsentreer kan word.



Voorstel: Laat die leerders hulle eie plakkaat maak van enige produk (mielies – meel – brood) of (katoen – meule – kleur – T-hemp) om aan te toon hoe die BTW bereken word tydens elke stap. Jy kan met die Lewensoriëntering onderwyser inskakel om 'n gesamentlike projek oor hierdie onderwerp te maak.

TAAK 12.2

Voeg BTW by kosprys en winsopslag

Nr.	Kosprys	Winsopslag Bedrag/ %	Eksklusief: Verkoopsprys	BTW (15%)	Inklusief: Verkoopsprys
12.2.1	R25	R20	R45	R6,75	R51,75
12.2.2	110	25	135	20,25	155,25
12.2.3	280	10%	308	46,20	354,20
12.2.4	540	108/ 20%	648	97,20	745,20
12.2.5	700	25%	875	131,25	1 006,25

TAAK 12.3**Bereken BTW uit die BTW inklusiewe bedrag**

Nr.	Eksklusief: Verkoopsprys	BTW (15%)	Inklusief: Verkoopsprys
12.3.1	480	72	R552
12.3.2	720	108	828
12.3.3	80	12	92
12.3.4	780	117	897
12.3.5	460	69	529

TAAK 12.4**Bereken BTW uit BTW inklusiewe en eksklusiewe bedrag**

Nr.	Kosprys	Winsopslag	Eksklusief Verkoopsprys	BTW (15%)	Inklusief Verkoopsprys
12.4.1	R430	20%	516	77,40	593,40
12.4.2	R380	30%	R494	74,10	568,10
12.4.3	R720	50%/360	1 080	162,00	R1 242
12.4.4	728,40	R66,60	R795	119,25	914,25
12.4.5	1 035	R265	1 300	195,00	R1 495

TAAK 12.5**BTW berekening en interpretasie**

12.5.1	Noem drie ander vorme van belastings wat in Suid-Afrika gehef word.
Persoonlike inkomstebelasting (LBS).	
Maatskappybelasting.	
Doeane- en aksynsbelasting.	
Boedelbelasting.	
Kapitaalwinsbelasting.	
Enige ander belastings wat op Suid-Afrika van toepassing is.	
12.5.2	Wat is die huidige BTW-koers in Suid-Afrika?
15%	
12.5.3	Watter regeringsminister het die mag om die BTW-koers aan te pas?
Minister van Finansies - dit word normaalweg deur die Minister van Finansies gedurende sy jaarlikse begrotingstoespraak in die parlement gedurende Februarie aangepas.	
12.5.4	Verduidelik kortliks die volgende begrippe in verband met BTW.
• Standaardkoers items	
Op die goedere en dienste word BTW gehef teen 'n koers van 15%.	
Dit word deur almal wat hierdie goedere en dienste benodig, betaal.	
• Nul-koers items	
Op hierdie goedere en dienste word BTW gehef teen 'n koers van 0%.	
Die goedere en dienste is nul-koers sodat dit vir die armer inwoners bekostigbaar kan wees. (Die Minister van Finansies mag nul-koersitems verander na standaardkoers items en omgekeerd.)	
• BTW Eksklusieve items	
Daar is goedere en dienste waarop geen BTW gehef word nie.	

12.5.5	Toon in die onderstaande tabel aan of die volgende standaardkoers, nul-koers of BTW-eksklusiewe items is. Plaas 'n X in die betrokke kolom.																																												
	<table border="1"> <thead> <tr> <th>GOEDERE/ DIENSTE</th> <th>Standaard-koers</th> <th>Nul-koers</th> <th>BTW Eksklusief</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Huur betaal op 'n buitegebou vir huishoudelike gebruik</td> <td></td> <td>X</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Hotel akkommodasie</td> <td>X</td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Wit brood</td> <td>X</td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Rys</td> <td></td> <td>X</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Mielierys</td> <td></td> <td>X</td> <td></td> </tr> <tr> <td>Skoolfonds</td> <td></td> <td></td> <td>X</td> </tr> <tr> <td>Water en elektrisiteit</td> <td>X</td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Rente op lening</td> <td></td> <td></td> <td>X</td> </tr> <tr> <td>Boontjies in tamatiesous</td> <td>X</td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Vrugte</td> <td></td> <td>X</td> <td></td> </tr> </tbody> </table>	GOEDERE/ DIENSTE	Standaard-koers	Nul-koers	BTW Eksklusief	Huur betaal op 'n buitegebou vir huishoudelike gebruik		X		Hotel akkommodasie	X			Wit brood	X			Rys		X		Mielierys		X		Skoolfonds			X	Water en elektrisiteit	X			Rente op lening			X	Boontjies in tamatiesous	X			Vrugte		X	
GOEDERE/ DIENSTE	Standaard-koers	Nul-koers	BTW Eksklusief																																										
Huur betaal op 'n buitegebou vir huishoudelike gebruik		X																																											
Hotel akkommodasie	X																																												
Wit brood	X																																												
Rys		X																																											
Mielierys		X																																											
Skoolfonds			X																																										
Water en elektrisiteit	X																																												
Rente op lening			X																																										
Boontjies in tamatiesous	X																																												
Vrugte		X																																											
12.5.6	Verduidelik die volgende BTW verwante begrippe:																																												
	<ul style="list-style-type: none"> BTW-inset <p>Dit verwys na BTW wat deur die onderneming betaal word op goedere en dienste aangekoop. Die BTW word betaal aan die onderneming se handelaars.</p>																																												
	<ul style="list-style-type: none"> BTW-uitset <p>Dit verwys na BTW wat van die klante van die onderneming ontvang word vir goedere of dienste gelewer.</p>																																												
12.5.7	Voltooi die volgende tabel. Aanvaar dat alle goedere en dienste onderhewig aan 15% BTW is.																																												
	<table border="1"> <thead> <tr> <th>TRANSAKSIE</th> <th>Waarde BTW uitgesluit</th> <th>BTW-bedrag</th> <th>Waarde BTW ingesluit</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Kredietverkope</td> <td>R16 200</td> <td>2 430</td> <td>18 630</td> </tr> <tr> <td>Kontantverkope</td> <td>32 400</td> <td>4 860</td> <td>37 260</td> </tr> <tr> <td>Kontantaankope van handelsvoorraad</td> <td>22 700</td> <td>3 405</td> <td>26 105</td> </tr> <tr> <td>Kreditaankope van handelsvoorraad</td> <td>18 100</td> <td>2 715</td> <td>20 815</td> </tr> <tr> <td>Goedere geneem deur die eienaar vir persoonlike gebruik</td> <td>2 000</td> <td>300</td> <td>2 300</td> </tr> <tr> <td>Goedere teruggestuur aan handelaars</td> <td>1 800</td> <td>270</td> <td>2 070</td> </tr> <tr> <td>Goedere teruggestuur deur klante</td> <td>600</td> <td>90</td> <td>690</td> </tr> <tr> <td>Rekening van 'n debiteur afgeskryf</td> <td>400</td> <td>60</td> <td>460</td> </tr> <tr> <td>Korting toegestaan op kredietverkope</td> <td>300</td> <td>45</td> <td>345</td> </tr> </tbody> </table>	TRANSAKSIE	Waarde BTW uitgesluit	BTW-bedrag	Waarde BTW ingesluit	Kredietverkope	R16 200	2 430	18 630	Kontantverkope	32 400	4 860	37 260	Kontantaankope van handelsvoorraad	22 700	3 405	26 105	Kreditaankope van handelsvoorraad	18 100	2 715	20 815	Goedere geneem deur die eienaar vir persoonlike gebruik	2 000	300	2 300	Goedere teruggestuur aan handelaars	1 800	270	2 070	Goedere teruggestuur deur klante	600	90	690	Rekening van 'n debiteur afgeskryf	400	60	460	Korting toegestaan op kredietverkope	300	45	345				
TRANSAKSIE	Waarde BTW uitgesluit	BTW-bedrag	Waarde BTW ingesluit																																										
Kredietverkope	R16 200	2 430	18 630																																										
Kontantverkope	32 400	4 860	37 260																																										
Kontantaankope van handelsvoorraad	22 700	3 405	26 105																																										
Kreditaankope van handelsvoorraad	18 100	2 715	20 815																																										
Goedere geneem deur die eienaar vir persoonlike gebruik	2 000	300	2 300																																										
Goedere teruggestuur aan handelaars	1 800	270	2 070																																										
Goedere teruggestuur deur klante	600	90	690																																										
Rekening van 'n debiteur afgeskryf	400	60	460																																										
Korting toegestaan op kredietverkope	300	45	345																																										
12.5.8	Is Mona's Supermark 'n BTW-geregistreerde onderneming? Gee 'n rede vir jou antwoord.																																												
	Ja. Die supermarket het 'n BTW registrasienommer.																																												
	12.5.8.2 Bereken die bedrae wat aangedui moet word deur:																																												
	<ul style="list-style-type: none"> A <p>R135,25</p>																																												
	<ul style="list-style-type: none"> B <p>$(9,89 + 25,76 + 36,80 + 18,40) = 90,85 \times 15/115 = 11,85$ $\text{Of: } 1,29 + 3,36 + 4,80 + 2,40 = 11,85$</p>																																												
	12.5.8.3 Bereken die verkoopsprys van die waspoeier uitgesluit van BTW.																																												
	$36,80 \times 100/115 = 32,00$																																												

	12.5.8.4 Bereken die kleingeld wat die kassier vir jou moes oorhandig het.
	$150 - 135,25 = 14,75$

Nota aan die onderwyser:

Maak seker dat die leerders verstaan wat die implikasies met betrekking tot die faktuurbasis is en indien geen ander instruksies gegee word nie, moet hulle altyd die metode gebruik.

ONINBARE SKULD EN ETIEK

Maak seker dat die leerders besef dat dit nie 'n metode is om bedrog teen SAID te pleeg nie en dat hulle bewys moet lewer dat die skuld werklik oninbaar is.

TAAK 12.6 ☺ Durban Handelaars (1): Oninbare skuld en BTW

12.6.1	Die bedrag van die rekening van B. Botha wat afgeskryf moet word.
	$13\ 570 - 9\ 200 = 4\ 370$
12.6.2	Die aangesuiwerde bedrag van die BTW wat Durban Handelaars aan SAID verskuldig is met betrekking tot die verkoopsfaktuurnr. DB 143.
	Bedrag van aanvanklike verkoop was R13 570 (BTW ingesluit). BTW betaalbaar op verkoop = $R13\ 570 \times \frac{15}{115} = R1\ 770$. Die bedrag wat afgeskryf word, is gelykstaande aan R4 370 (BTW ingesluit). BTW op bedrag wat afgeskryf word = $R4\ 370 \times \frac{15}{115} = R570$ BTW-aanspreeklikheid aan SAID op faktuurnr. DB 143 = R1 770 minus R570 = R1 200

TAAK 12.7 ☺ Durban Handelaars (2): Transaksie-ontleding rakende oninbare skuld en BTW

NR	ALGEMENE GROOTBOEK REKENING		INVLOED OP DIE REKENING-KUNDIGE VERGELYKING		
	Gedebiteer	Gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste
12.7.1	Debiteurekontrole	Verkoop	+11 800	+11 800	0
	Debiteurekontrole	BTW-Uitset	+1 770	0	+1 770
	Koste van verkoop	Handelsvoorraad	-5 900	-5 900	0
12.7.2	Bank	Debiteurekontrole	±9 200	0	0
12.7.3	Oninbare skuld	Debiteurekontrole	-3 800	-3 800	0
	BTW-Uitset	Debiteurekontrole	-570	0	-570

TAAK 12.8 ☺ Eshowe Handelaars: Verskil tussen handelskorting en korting vir stiptelike kontantbetaling

12.8.1	Bereken die totale bedrag wat Tulani Kleinhandelaars aan Eshowe Groothandelaars sal betaal indien hulle die volle bedrag op 25 September 20.1 vereffen.
	Volgende bedrae sal op die faktuur wat op 18 Julie 20.1 uitgereik is, getoon word.
	<ul style="list-style-type: none"> • Waarde van goedere R40 000 • MINUS: handelskorting R12 000 • Netto bedrag betaalpaar R28 000
	Aan Tulani Kleinhandelaars is handelskorting van 30% toegestaan omdat hulle 'n handelaar is wat op grootmaat aankoop om weer te verkoop teen 'n wins.
	Aangesien Tulani Kleinhandelaars sy rekening na 30 dae vereffen, is geen verdere korting toegestaan nie.

12.8.2	Bereken die totale bedrag wat Tulani Kleinhandelaars aan Eshowe Groothandelaars sal betaal indien hulle die volle bedrag op 15 Augustus 20.1 vereffen.
Volgende bedrae sal op die faktuur wat op 18 Julie 20.1 uitgereik is, getoon word.	
<ul style="list-style-type: none"> Waarde van goedere R40 000 MINUS: handelskorting R12 000 Netto bedrag betaalpaar R28 000 	
Tulani Kleinhandelaars ontvang 'n handelskorting van 30% omdat hulle 'n handelaar is wat op grootmaat aankoop om weer te verkoop teen 'n wins.	
Aangesien Tulani Kleinhandelaars sy rekening binne 30 dae vereffen, is 'n verdere korting van 10% van toepassing.	
Daarom betaal Tulani Kleinhandelaars 'n bedrag van R25 200 ter volle vereffening van sy skuld van R28 000.	
12.8.3	Bereken die derde en finale bedrag wat Tulani Kleinhandelaars aan Eshowe Groothandelaars sal betaal op 18 Desember 20.1 indien hulle op die volgende datums betalings gemaak het:
<ul style="list-style-type: none"> 'n Eerste betaling van R15 000 op 29 Julie 20.1. 'n Tweede betaling van R8 000 op 31 Augustus 20.1. 	
Volgende bedrae sal op die faktuur wat op 18 Julie 20.1 uitgereik is, getoon word.	
<ul style="list-style-type: none"> Waarde van goedere R40 000 MINUS: handelskorting R12 000 Netto bedrag betaalpaar R28 000 	
Aan Tulani Kleinhandelaars is handelskorting van 30% toegestaan omdat hulle 'n handelaar is wat op grootmaat aankoop om weer te verkoop teen 'n wins.	
Aangesien Tulani Kleinhandelaars sy rekening na 30 dae vereffen, is geen verdere korting toegestaan nie.	
Tulani Kleinhandelaars het egter nie daarin geslaag om hulle totale skuld binne die 90 dae periode te vereffen nie.	
'n Bedrag van R23 000 (R15 000 + R8 000) is betaal op 90 dae d.i. 18 Oktober 20.1.	
'n Bedrag van R5 000 (R28 000 minus R23 000) is vir twee addisionele maande verskuldig.	
Rente betaalbaar vir 2 maande beloop R150 (R5 000 x 18% vir $\frac{2}{12}$).	
Totaal betaalbaar op 18 Desember is R5 150 (R5 000 + R150).	

TAAK 12.9 ☺ Smit Handelaars: BTW en terugsendings op verkope

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SMIT TRADERS

Dt	DEBITEREUREKONTOLE					B	Kt
20.1					20.1		
Jan	1	Saldo	a/b	25 000	Jan	8	Debitureerafslag
							1 500
							225

DEBITUREREFSLAG

N
20.1
Jan 1 Totaal a/b 2 100
8 Debiteurekontrole 1 500

BTW-UITSET

B
20.1
Jan 1 Saldo a/b 4 000

Bewerkings:

$$\text{BTW} = \text{R1 725} \times \frac{15}{115} = \text{R225}$$

$$\text{Verkope terugsendings} = \text{R1 725} - \text{R225} = \text{R1 500}$$

TAAK 12.10**Ixopo Handelaars: BTW en terugsendings op aankope****ALGEMENE GROOTBOEK VAN IXOPO HANDELAARS****KREDITEUREKONTROLE**

Dt					B		Kt
20.1					20.1		
Aug	2	Handelsvoorraad		2 200	Aug	1	Saldo
		BT-Inset		330			a/b

HANDELSVOORRAAD**N**

20.1				20.1			
Aug	1	Saldo	a/b	18 800	Aug	2	Krediteurekontrole
							2 200

BTW-INSET**B**

20.1				20.1			
Aug	1	Saldo	a/b	9 000	Aug	2	Krediteurekontrole
							330

Bewerkings:

$$\text{BTW} = \text{R}2\ 530 \times \frac{15}{115} = \text{R}330$$

$$\text{Terugsending van aankope} = \text{R}2\ 530 - \text{R}330 = \text{R}2\ 200$$

TASK 12.11  **Transaksie-ontleding op terugsendings en BTW**

Nr.	ALGEMENE GROOTBOEK REKENING		INVLOED OP DIE REKENING-KUNDIGE VERGELYKING		
	Gedebiteer	Gekrediteer	Bates	Eienaars-belang	Laste
12.11.1	Debiteurekontrole	Verkope	+3 000	+3 000	0
	Debiteurekontrole	BTW-Uitset	+450	0	+450
	Koste van verkope	Handelsvoorraad	-2 000	-2 000	0
12.11.2	Debiteureafslag	Debiteurekontrole	-900	-900	0
	BTW-Uitset	Debiteurekontrole	-135	0	-135
	Handelsvoorraad	Koste van verkope	+600	+600	0
12.11.3	Handelsvoorraad	Krediteurekontrole	+16 000	0	+16 000
	BTW-Inset	Krediteurekontrole	+2 400	0	+2 400
12.11.4	Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	-2 500	0	-2 500
	Krediteurekontrole	BTW-Inset	-375	0	-375

NOTA AAN DIE ONDERWYSER:

Verseker dat leerder die invloed van verhoogde aanspreeklikheid of verlaging van aanspreeklikheid aan SAID t.o.v. BTW verstaan.

Verduidelik die dubbelinskrywing en die joernaal aan leerders wat steeds 'n probleem daarmee ondervind.

TAAK 12.12 💧 Soweto Handelaars: Berekening van saldo van die BTW-Kontrolerekening

ALGEMENE GROOTBOEK VAN SOWETO HANDELAARS BTW KONTROLEREKENING

Dt					B	Kt
20.1					20.1	
Mar	31	Krediteurekontrole (kredietaanval van goedere)		4 350	Mar	1 Saldo
		Bank (kontant-aankope van goedere)		3 150		31 Debiteurekontrole (kredietverkope)
		Bank (betaling aan SAID vir BTW)		7 200		Bank (kontant verkope van goedere)
		Debiteurekontrole (terugstelling van goedere)		540		Krediteurekontrole (terugstelling van goedere)
		Debiteurekontrole (oninbare skuld)		435		Krediteurekontrole (korting ontvang)
		Debiteurekontrole (korting toegestaan)		660		
		Saldo	o/d	410		
				16 745		16 745
					Apr	1 Saldo
						a/b 410

BEDRAG BETAALBAAR: R136

TAAK 12.13 💧 Oninbare skuld en etiek

Die doel van hierdie taak is om die leerders 'n geleentheid te bied om 'n etiese argument te voer. Probeer om op die feit te fokus dat die rekenmeester 'n persoon met hoë aansien is en glo dat hy nie gevang sal word nie. Jy het ook op die oomblik ekstra geld nodig.

Probeer om voorbeeld te gebruik waar mense sê dat hulle nooit oneties sal optree nie, maar wanneer hulle hulself in 'n situasie bevind, is hulle reaksie verskillend. Byvoorbeeld hoeveel mense bedrieg deur verkeerde inligting te gee, of hulle familie uit te neem vir ete en sê dan dat dit 'n besigheidsuitgawe is, neem skryfbehoeftes huis toe wat veroorsaak dat die uitgawes van die onderneming meer is en daarom word minder belasting betaal, ens?

Laat die leerders tyd toe om die etiese situasies te bespreek. Indien moontlik gee hulle gevallenstudie wat verband hou met situasies uit jou eie omgewing of op die huidige tyd.

BOETES VIR BELASTINGONTDUIKING EN BEDROG

Dit is belangrik dat die leerders daarvan bewus moet wees dat daar groot boetes is as hulle die BTW-wette enigsins oortree. Probeer om op die hoogte te bly van nuwe wetgewing in hierdie verband. Die SAID-webwerf sal jou die nodige inligting gee.

TAAK 12.14



Etiek en bedrog

Laat leerders toe om die artikels te lees en te bespreek. Indien moontlik, probeer om ekstra artikels uit jou gemeenskap by te voeg.

Voorgestelde antwoorde vir die bespreking:

• Hoekom dink julle pleeg mense bedrog?
<ul style="list-style-type: none"> - Ons leef in 'n wêreld wat in alle opsigte vinnig verander; wanneer mense teen 'n vinnige pas leef, word etiek ongelukkig vergeet. - Materialisme en gulsigheid is algemeen in ons samelewing. Ons word konsekwent gebombardeer met mediaverslae, deur gelykes en die gemeenskap in die algemeen oor die waarde om materiële besittings en die begeerte om hierdie besittings te bekom, oorheers dikwels ons waardestelsels. - Ons leef in 'n wêreld van voortdurende mededinging, groepsdruk, selfgesentreerdheid, wat weereens beteken dat ons ons waardes vergeet. - Ongelukkig is baie leiers in alle aspekte van die lewe nie goeie rolmodelle nie – hoe baie sakelui, politici en bekendes raak in onetiese optrede betrokke? Maak enige koerant oop en jy sal met voorbeeldelike toegooi word.
• Hoe slaag hulle daarin om SAID te bedrieg?
<ul style="list-style-type: none"> - Foutiewe boekstrawing - Foutiewe dokumente. - Versium om alle inligting bekend te maak. - Valse inligting. - Ens.
• Bespreek die volgende slagspreuk soos weergegee deur SAID "Jou belasting les die nasie se dors" en die invloed van bedrog op die land.
Belastinggeld word vir die land gebruik, bv. onderwys, polisiemag, weermag, hospitale, paaie, noodsituasies ens. Indien SAID bedrieg word, beteken dit dat hulle nie al die geld invorder nie en dit sal 'n impak op die regering se dienslewering hê.

TAAK 12.15



Gevallestudie: Interpretasie en belastingbedrog

12.15.1	Gee die verklarings van die volgende akronieme (letterwoorde).
• SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
• BTW	Belasting op toegevoegde waarde
• SAIGR	Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters
• SAIPR	Suid-Afrikaanse instituut vir Professionele Rekenmeesters
12.15.2	Verduidelik kortliks EEN funksie van SAIGR.
	Stel 'n standaard vir diegene wat die Rekeningkundige professie betree en monitor of rekenmeesters die gedragskode en werksetiek van hierdie professionele mense nakom.
12.15.3	Verduidelik wie en wat 'n BTW-verkoper is.
	'n Onderneming wat vir BTW by SAID geregistreer is. Die onderneming betaal BTW aan die handelaar wanneer hulle goedere koop en vra vir sy eie klante BTW as hy goedere aan hulle verkoop. Dit trek dan die BTW wat betaal is af van die BTW wat ontvang is, en betaal die verskil aan SAID.
12.15.4	Wat is die minimum jaarlikse omset wat vereis word vir BTW registrasie?
	R1 miljoen

12.15.5	Hoeveel betaal SAID maandeliks uit vir BTW-eise?		
R20 tot R30 miljoen per maand			
12.15.6	Verduidelik kortlik wat jy verstaan onder die term "biometrie verifikasie".		
Dit is vingerafdruk skandering. 'n BTW-verkoper (die eienaar of bestuurder) moet sy vingerafdrukke by SAID registreer en hulle kan die werklike persoon verifieer deur fisies sy vingerafdrukke te kontroleer.			
12.15.7	Waarop is Suid-Afrika se belastingstelsel volgens Gugu Smit gebaseer? Noem ten minste DRIE elemente.		
"Suid-Afrika se belastingstelsel is gebaseer op self-verklaring en hang tot 'n groot mate af van die integriteit van die belastingbetalers vir 'n volledige, akkurate en eerlike openbaarmaking en om al die verskuldigde belasting te betaal."			
12.15.8	Volgens bostaande artikel, hoe pleeg besighede BTW bedrog?		
Klein ondernemings gee valse besonderhede en adresse om BTW van SAID te eis. Toon minder verkope om die BTW uitset te verminder. Fiktiewe hoër aankope om hoër BTW insette te eis.			
12.15.9	Hoe het SAID bedrog opgespoor in die geval van dr. Tulani Colin Khan?		
Die BTW audit wat SAID uitgevoer het, het die bedrog onthul. Dit sluit in dat sy bankstate gekontroleer is.			
12.15.10	Stem jy saam met die straf wat hom opgelê is? Gee EEN rede vir jou antwoord.		
Ja. Hy het bedrog gepleeg en dis onwettig, maar hy betaal R1.5 miljoen aan SAID terug en om 1 000 ure gemeenskapsdiens by 'n hospitaal wat MIV-pasiënte behandel in Durban te verrig. OF Nee. As jy die bedrog gepleeg het, moet jy ten minste 'n gedeelte van die straf van 10 jaar uitdien – dit moet nie heeltemal opgeskort word nie.			
12.15.11	Dink jy dat koerante toegelaat moet word om besonderhede van hofsake rakende bedrog en korruptie wat deur privaat individue, sakemanne en regeringsamptenare gepleeg is, te publiseer? Skryf jou antwoorde onder die volgende opskrifte:		
Nr.	Bedrog deur	Ja / Nee	Rede
A	Privaat Individu	Ja	Dit sal baie mense inlig oor bedrog wat deur hom/haar gepleeg is – so mense sal op hul hoede wees.
B	Sakelui	Ja	Ondernemings is daar om 'n wins te maak. Die klant betaal vir 'n diens en 'n klant moet werklike waarde vir sy geld kry.
C	Regeringsamptenare	Ja	Regeringsamptenare werk eintlik vir die mense en word betaal deur die belastingbetalers se geld. Die belastingbetalers verwag dat hierdie amptenare eerlik moet wees. As daar dus korruptie is, moet die belastingbetalers dit weet.

KONROLELYS

Vaardighede	Ja - Bekwaam	Vereis meer aandag	Voltooi
Verstaan die nodigheid van belasting.			
Verstaan hoe BTW werk.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys wat gekwoteer is eksklusief is.			
Kan die bedrag van BTW bereken indien die prys wat gekwoteer is inklusief is.			
Verstaan die verskil tussen faktuur as basis en ontvangste as basis vir die betaling van BTW.			
Waardeer die boetes rakende bedrog en ontduiking.			
Waardeer die invloed op die ekonomie indien belastingontduiking plaasvind.			